Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

# Voorgraadse Studies
## Hoe om aansoek te doen 2027-inname

**Die inligting hieronder verskaf die stappe om aansoek te doen vir jou gekose voorgraadse program(me) vanaf 1 April.**

Voordat jy begin, maak asseblief seker dat jy:

Die toelatings- en keuringskriteria vir elke program waarvoor jy aansoek doen, nagaan.

Maak seker dat jou dokumente korrek voorberei en gereed is om op te laai.

Maak jouself ook vertroud met die Universiteit Stellenbosch se Toelatingsbeleid en ons Terme en Voorwaardes vir nuwe aansoeke.

---

## Afdeling 1: Program keuses

### Maak jou programkeuses

Blaai deur 'Wat kan ek studeer?' deur na www.su.ac.za > Studeer by US > Voorgraads > Wat kan ek studeer? te gaan.

Jy kan ook die Universiteit se Jaarboek raadpleeg deur HIER te klik.

Nog steeds nie seker nie? Bespreek 'n aanlyn of op kampus een-tot-een konsultasiesessie met 'n studentewerwingspraktisyn om die US se opsies te bespreek; of bespreek 'n professionele psigometriese assessering vir studieloopbaanberading by die Afdeling vir Studentewerwing, csr@sun.ac.za of by 021 808 4709.

### Vir hoeveel programme kan ek aansoek doen?

As 'n voorgraadse aansoeker word jy toegelaat om vir drie voorgraadse programme aansoek te doen.

Maak asseblief seker dat jy aan die minimum toelatingsvereistes vir al jou gekose programme voldoen.

Jy sal vir al jou programkeuses oorweeg word, wat beteken dat jy verskeie aanbiedinge kan ontvang. Jy sal slegs een aanbod op enige gegewe tydstip kan aanvaar. Ons sal die vasgestelde afsnydatums vir die aanvaarding van 'n aanbod met jou kommunikeer wanneer die aanbod gemaak word.

## Afdeling 2: Toelatings- en keuringskriteria

Voordat jy aansoek doen, moet jy seker maak dat jy:

aan die mees basiese akademiese vereistes vir 'n baccalaureus studies voldoen;

aan die minimum toelatingsvereistes en keuringskriteria vir die program(me) waarvoor jy wil aansoek doen, voldoen.

Besoek asseblief die *toelatings- en keuringsvereistes* op ons webwerf vir meer

inligting rakende ons akademiese vereistes wanneer jy aansoek doen.

Neem kennis: Ons ontvang duisende aansoeke elke jaar, maar plek is beperk. Selfs al

voldoen jy aan al die toelatingsvereistes, kan ons jou dalk nie akkommodeer nie.

## Afdeling 3: Nasionale Norm Toets (NBT)

### Wat is die NBT?

Die NBT is ontwerp om jou vermoë van taalvaardighede, numeriese vaardighede en wiskunde begrip te meet ten opsigte van die vereistes van jou kursus.

### Wie moet die NBT skryf en teen wanneer?

- School of Tomorrow aansoekers moet die NBT voor die einde van September skryf.
- Aansoekers vanaf aanlyn skole moet die NBT voor die einde van September skryf.
- IEB – International Secondary Certificate (ISC) moet die NBT voor die einde van September skryf.
- Aansoekers vir die Amerikaanse Hoërskooldiploma moet die NBT voor die einde van September skryf.
- Aansoekers wat aansoek doen by die Regsgeleerdheid Fakulteit moet die NBT voor die einde van Julie skryf. Dit sluit in BALaw, BComLaw, BAccLLB en die vierjaar LLB-program.

As wiskunde 'n toelatingsvereiste is vir die program waarvoor jy aansoek doen, moet jy ook die Wiskunde NBT-vraestel skryf.

**Waar kan ek 'n afspraak maak en waar skryf ek die NBT?**

Die NBT's kan aanlyn geskryf word. Indien jy nie aanlyn kan skryf nie, bied die NBT-kantoor ook die opsie van 'n afstandsessie. Afstandsessies kan per e-pos aangevra word na nbtremote@uct.ac.za. Daar is dienskoste verbonde aan hierdie opsie. Meer inligting oor afstandsessies kan op hul webwerf, www.nbt.ac.za, gevind word.

Indien jy probleme ondervind of hulp benodig, kontak asseblief die NBT-hulptoonbank per e-pos by nbt@uct.ac.za of skakel 021-650-3523.

Besoek asseblief die Fakulteit se toelatingsriglyne vir gedetailleerde inligting oor die aansoekvereistes en die vereiste prestasievlakke in die Nasionale Normtoetse.

## Afdeling 4: Doen aanlyn aansoek

Skep 'n aanlynprofiel HIER sodat ons jou aansoek kan oorweeg.

Maak seker dat jy 'n e-posadres en telefoonnommer het sodat ons jou kan kontak.

Sodra jy jou profiel geskep het, kan jy die stelselaanwysings en e-poskommunikasie volg.

## Afdeling 5: Sluitingsdatums

Maak seker dat jy jou aansoek voor die sluitingsdatums indien.

- Voorgraadse aansoeke en koshuise sluit op 31 Julie.
- Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid-aansoeke sluit op 15 Desember.
- Finansiële bystandsaansoeke by die SU sluit op 30 September.

Besoek asseblief die NSFAS-webwerf vir aansoekdatums vir NSFAS-beurse.

Alle versoeke om veranderinge te maak aan programme of koshuise moet ons teen die sluitingsdatum bereik.

## Afdeling 6: Aansoekdokumente

Ons kan jou aansoek slegs oorweeg indien jy al die vereiste dokumente teen die sluitingsdatum indien. Vir die lys van aansoekdokumente wat ons benodig, klik asseblief HIER.

Jy sal nie jou aansoek kan indien, indien alle dokumente nie verskaf word nie.

Ons sal nie jou aansoek kan hersien indien alle dokumente nie duidelik en korrek is nie.

Maak seker dat jy jou e-posse en jou aansoekportaal voortdurend nagaan om enige veranderinge aan jou dokumentstatus te sien.

**Indien jy voorheen studeer het, neem kennis:**

- Maak seker dat jy korrek aandui of jy tans of voorheen by enige tersiêre instelling (insluitend die Universiteit Stellenbosch) geregistreer was, ongeag die duur van die studies. Sou jy die inligting uitlaat, sal dit lei tot die kansellasie van jou aansoek, toelating of registrasie.
- Tersiêre studies verwys na enige studies waarvoor jy ingeskryf was nadat jy jou skool/sekondêre opleiding voltooi het.

## Afdeling 7: Dien jou aansoek in

Nadat jy die aansoek aanlyn voltooi het en al jou ondersteunende dokumente opgelaai het, is jy gereed om jou aansoek in te dien.

Ons sal deur die aansoekproses met jou kommunikeer om te bevestig dat ons jou aansoek ontvang het. Jy sal ook kommunikasie ontvang elke keer as 'n dokumentstatus of jou aansoekstatus opgedateer word.

Aansoekverwante kommunikasie sal gestuur word na die e-posadres waarmee jy aansoek gedoen het en sal ook beskikbaar wees op jou aansoekerportaal.

Jy kan ook jou dokument- en aansoekstatus op die aansoekerportaal dophou.

# Afdeling 8: Aansoekfooi

Sodra jy jou aansoek ingedien het, sal jy 'n aansoekfooi moet betaal.

### R100 Aansoekfooi

'n Aansoekfooi van R100.00 is betaalbaar deur alle:

- Suid-Afrikaanse burgers
- Houers van permanente verblyfreg in Suid-Afrika.
- Houers van vlugtelingstatus in Suid-Afrika.
- Houers van asielsoekerstatus in Suid-Afrika.
- Houers van diplomatieke status in Suid-Afrika.

### R400 Aansoekfooi

- Die aansoekfooi vir nagraadse **internasionale** aansoekers is R400.00

### Stellenbosch Besigheidskool fooie

Die aansoekfooi vir aansoekers vir Stellenbosch Besigheidskool is:

- **MBA-programme**: R1 050
- **Alle ander programme**: R850

Klik asseblief HIER vir meer inligting rakende die aansoekfooi en betalingsopsies.

# Afdeling 9: Aanvaarding van jou SU aanbod en die oplaai van jou kontrak

Indien jy vir meer as een program aansoek gedoen het, kan jy meer as een aanbod van ons ontvang. Jy sal slegs een aanbod op enige gegewe tydstip kan aanvaar, wat die aanbod aktief maak. Dit beteken dat, indien jy kies om enige tweede of derde aanbod te aanvaar, sal daardie aanbod die vorige aanbod vervang. Indien jy nie meer in ons aanbod belangstel nie, kan jy dit te eniger tyd van die hand wys.

**As jy nog nie gematrikuleer het nie of huidiglik geregistreer is vir tertiêre studies:**

Voorwaardelike aanbiedinge

Indien jy aansoek doen met jou graad 11-uitslae, kan ons 'n aanbod uitreik op voorwaarde dat jy jou finale Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of ekwivalente eksamen slaag en dat jou resultate voldoen aan die program se toelatings- en keuringsvereistes soos deur die spesifieke fakulteit gestel.

Wanneer jy jou eerste aanbod ontvang en jy besluit om daardie aanbod te aanvaar, moet jy 'n getekende studentekontrak indien.

Finale aanbiedinge

Sodra jy gematrikuleer het, sal die Universiteit jou NSS- of IEB-uitslae van die Departement van Basiese Onderwys ontvang om jou vir 'n finale aanbod te oorweeg. As jy 'n internasionale kurrikulum volg, sal jy gevra word om jou finale uitslae op te laai sodra jy dit ontvang om te verseker dat daar geen vertragings in jou finale oorweging is nie.

Jy sal nie jou aanbod kan aanvaar as ons nie jou getekende studentekontrak ontvang het nie.

***Jou kontrak word slegs een keer vereis. As jy 'n voorwaardelike aanbod aanvaar, hoef jy nie die kontrak weer op te laai as 'n finale aanbod later in die proses aan jou gemaak word nie.***

**Indien jy reeds gematrikuleer het of ander tertiêre studies reeds voltooi het:**

Finale aanbiedinge

Indien jy aansoek doen met jou graad 12-punte, sal ons jou aansoek vir 'n finale aanbod oorweeg. Jy moet dan jou aanbod(s) aanvaar en jou getekende kontrak oplaai teen die datum wat in die aanbodbrief bepaal word.

Jy sal nie jou aanbod kan aanvaar indien ons nie jou studentekontrak ontvang het nie.

## Afdeling 10: Benodig jy hulp tydens die proses?

Indien jy enige hulp met jou aansoek benodig of meer inligting benodig, kontak asseblief ons Kliëntediens by 021 808 9111, of e-pos info@sun.ac.za of besoek www.su.ac.za.

Onthou om jou Aansoek-ID in alle kommunikasie met die Universiteit in te sluit.